*Maandag* **10 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 118:1-9**
**Fokusgedeelte: Psalm 118:2-4 (AFR83)**
**Wat ’n vreugdevolle psalm!**

Dit is ’n lied wat geskryf is om fees te vier. Wat dit nog meer besonders maak, is die rede vir hierdie uitbundige gesing tydens dié fees. Ons lees dit in vers 5. Die Here het dié wat na Hom geroep het, verhoor en bevry.

Na ’n groot terugslag, trauma of bedreiging is dit sekerlik een van die eerste dinge wat gelowiges wil doen. Nadat die Here jou verlos en bevry het, wil jy Hom jubelend loof en sy liefde en trou bely.

Die Psalm roep drie groepe op om deel te neem aan die beurtsang. Eers word Israel opgeroep, daarna die priesters en laastens word die wat die Here dien, uitgenooi.

So begin ons vandag nog elke erediens. Nadat die Here sy gemeente geseën het, word daar met lofpsalm en belydenis gereageer. Hy het ons saamgebring in sy tempel. Daar vier ons elke Sondag ons Here Jesus se opstanding uit die dood en juig ons oor ons bevryding uit benoudheid. Hierdie Psalm is tydens die pasga gesing waar die Israeliete dié verlossing uit Egipte gedenk het. Dit het later ook ’n gunsteling geword tydens die Loofhuttefees.

Dit wys ons net weereens dat ’n psalm deur die eeue nooit waarde kan verloor nie. Die feeslied se vreugde geld van geslag tot geslag. In hierdie sondige wêred waar alles so verganklik is, kry ons troos. God se liefde is van ewigheid tot ewigheid. In tye waar mense soekend is en rigting soek, is dit ’n stewige geestelike fondasie om op te bou. Hierdie psalm het ewigheidswaarde.

*Sing: Psalm 118-1:1, 2*

*Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)*